Die kleurvolle wentuin van Renée Wright van Eco Landscapes se kenmerkendste eienskap is sterk geometriese lyne. FOTO'S: LISA HNATOWICZ

Wentuin laat besoeker tuis voel

CHRISTINE VAN DER WESTHUIZEN

Met 'n kleurvolle tuin waarvan die naam "Suburban Chic" is, het die "veteraan" van die Safari-tuinsentrum se jaarlikse DesignEx-tuinontwerpkompetisie, die landskapontwerper Renée Wright, vir die derde keer met die kroon weggestap.

Wright, van Eco Landscapes, het ook in 2005 en verlede jaar die titel van beste skoutuin verower.

Maar vanjaar is spesiaal, want sy het ook die ewe gesogte "publiek se gunsteling-tuin"-prys ontvang. Dit is die eerste keer in die kompetisie se geskiedenis dat dieselfde inskrywing met albei pryse wegstap.

"Albei beteken vir my baie," het Wright gesê. "Dit is natuurlik 'n prestasie om die jurie se goedkeuring weg te dra, maar dit is lekker om te weet die publiek hou ook baie van my tuin."

Die vertikale plankies in die trappies word in die strepe van die ottomans herhaal.

Die vertikale lyne van die plante op die agtergrond word getemper deur die sierlike krulle van die dagbed se raam.

Haar wentuin het sy in samewerking met die binnenshuise ontwerper Alida Lambooy van Living Divani aangepak.

"Ons het dieselfde benadering tot ons kliënte: Ons luister aandagtig na wat die kliënt wil hê en probeer die prentjie sien soos hy dit sien. Ons sal voorstelle maak, maar uiteindelik is dit steeds die kliënt wat moet saamleef met waarmee ons vorendag kom."

Wright is in haar noppies met Lambooy se idees vir haar tuin.

"Die vertikale strepe in die ottomans word in die houtpanele van die trappies weerspieël en die krulle in die dagbed pas by die waterfonteintjie. Die kleurskakerings is 'n sterk visuele element en pas perfek in by die plante in die tuin.

"Die tuin het baie tekstuur en dit word ook deur die ryk geweefde materiaal van die kussings en gordyne weerspieël.

"Ek wou hê mense moet tuis voel in my tuin en ek kan sien dit is so. As ek naweke daar kom, is daar altyd tekens dat iemand daar ontspan het. Die kussings is geskuif of die ottomans staan op 'n ander plek. Ek hou daarvan."

Wright en haar man, Tony, het 15 jaar gelede hul loopbane in die korporatiewe wêreld opgegee om landskapontwerpers te word.

Tony het destyds waterfonteintjies ontwerp en geïnstalleer as 'n stokperdjie en het dit mettertyd heeltyds begin doen. Renée, wat maar altyd saamgegaan en raad gegee het oor watter plante om waar te plant, het hom later gevolg.

Het tuine se styl verander sedertdien?

"O ja," lag sy. "Mense het gelukkig die eksotiese era met sy Sun City-tuine en kunsmatige rotse ontgroei. Die neiging is nou meer trots Suid-Afrikaans, meer inheems, meer waterbewus.

"Ons het ons wortels gevind."

■ Die 12 tuine in die Safari-tuinsentrum se DesignEx-kompetisie kan nog tot 27 Junie besigtig word.

Die sentrum is in Lynnwoodweg, Pretoria.

Vind nog inligting by www.safarigardencentre.co.za.

Wildefrangipani gedy in subtrope; sukkel in suide

Vra vir Ernst

ERNST VAN JAARSVELD

Kobus van Schoor van Parow skryf: *"Op vakansie aan die suidkus van KwaZulu-Natal het ons op 'n baie aantreklike boom afgekom. Mense het gesê dit word die wildefrangipani genoem. Dit is sy aantreklike vorm tesame met sy aantreklike, welriekende, spierwit blomme wat ons onmiddellik opgeval het. Ek wil graag die boom in my tuin in Parow plant. Waar kan ek so 'n boom in die hande kry?"*

Kobus, die wildefrangipani (*Voacanga thouarsii*) is inderdaad 'n baie mooi, inheemse boom. Sy verspreiding is tropiese en subtropiese dele van Afrika. In KwaZulu-Natal langs die kusstrook bereik die boom sy mees suidelike verspreidingspunt. Hy groei dikwels in moerasse en klammerige bosrande, maar is altyd beperk tot die warm, subtropiese dele. Ons kweek die boom by Kirstenbosch, maar hier is hy 'n sukkelaar, want ons gemiddelde temperatuur is net te laag vir optimale groei. Ons Wes-Kaapse klimaat met sy koel weer is dus nie ideaal vir die boom nie – dis altyd beter om plaaslik inheems te plant. So 'n plant het dan nie ekstra water en aandag nodig nie. Niks staan egter in jou pad om 'n boompie aan te skaf en in Parow in 'n beskutte, sonnige hoekie te plant nie. Daar is ook niks met die grond verkeerd nie, maar jy sal hom aanvanklik weekliks moet natmaak totdat sy wortels die hoë watertafel bereik. Hy sal natuurlik baat vind by kompos en ander organiese voeding.

Dit is verblydend dat hy so baie in KwaZulu-Natal geplant word, dus word hy in sy eie klimaat met sukses gekweek. Vir diegene wat die boom nie ken nie, dit is 'n immergroen, regopgroeiende boom, 8-12 m hoog (en hoër onder ideale toestande). Hy het aantreklike, groot, blink, leeragtige blare in teenoorstaande pare. Die aantreklike, groot, wit blomme verskyn van die lente tot herfs in groepies aan die punte van takke. Die groot boom het ronde vrugte wat aan die basis vergroei en tot 90 mm in deursnit is. Dit behoort aan die frangipani-familie (*Apocynaceae*) en tipies van so baie van sy lede het hy toksiese, wit melksap, wat ook kenmerkend van die wildefrangipani is. Die boom is 'n vinnige groeier in sy eie klimaat, maar in die Wes-Kaap word sy groei vertraag deur lae temperatuur. Die boom is naasverwant aan die bospaddaboom (*Tabernaemontana ventricosa*), wat soortgelyke blomme en vrugte dra en in dieselfde omgewing as die wildefrangipani groei.

Die bospaddaboom (*Tabernaemontana ventricosa*) is 'n aantreklike, immergroen boom, verwant aan die wildefrangipani en geskik vir warm, subtropiese tuine aan die kus.

Die kuiperbos (*Capparis spinosa*) in blom.

Esther Verster van Lyttelton *was in die Bergkwaggapark naby Cradock en het 'n lang, knuppelvormige swam op 'n miershoop gesien en wil weet wat dit is.*

Esther, dit is die knuppelswam (*Podaxis pistillaris*) wat net op miershope groei; wydverspreid in ons land voorkom; dikwels in die herfs ná reën wanneer hulle kenmerkende vrugliggame verskyn.

Louise Geyser skryf: *"Kan jy help om hierdie blom (op die foto links) te identifiseer? Die redakteur van ons kerkgesinstydskrif het die foto 'n geruime tyd gelede op die internet gekry. Nou is daar nuuskierigheid om te weet watter blom dit is. Die basiese wit kleur van die blom is daar, sowel as die takkie waaraan dit groei, wat baie mooi duidelik is."*

Louise, die plant heet *Capparis spinosa* – dit is kuipers. Die jong blomme word in kos, veral pizza, gebruik en het 'n lekker suur smaak. Die blomme is wit tot ligpienk en kortlewend. Die kuiper is 'n meerjarige doringstruikie wat in die Mediterreense gedeeltes voorkom. In Israel groei dit ook op die tempelmure.

Ons het 'n inheemse soort in Namakwaland en Namibië bekend as die wilde-appelkoos (*Capparis hereroensis*). Hulle is groter as kuipers en het eetbare vrugte.

SKRYF AAN ERNST: Stuur vrae na ernstvj@xsinet.co.za, stuur 'n faks na 021 797 6579 of pos na Vra vir Ernst, Naweek+, Posbus 692, Kaapstad, 8000.